

Die Onteining-wetsontwerp – wat doen Agri SA hieromtrent?

Die sesde weergawe van die nuwe Onteining-wetsontwerp is vroeg in Desember 2020 gepubliseer vir openbare kommentaar. Die sperdatum vir indiening van kommentaar is 10 Februarie 2021. Die eerste poging was 12 jaar gelede in 2008, maar die wetsontwerp is later onttrek as gevolg van die beperkings wat dit op die howe se rol geplaas het. 'n Verdere poging is in 2013 aangewend. Die 2013-wetsontwerp is verfyn en het die 2015-wetsontwerp geword, maar is in 2018 weereens onttrek as gevolg van die debat rondom onteining sonder vergoeding wat gevolg het na die 2017 ANC-beleidskonferensie. Hierdie 2015-weergawe is toe gewysiging om voorsiening te maak vir die moontlikheid van 'nul vergoeding' in sekere omstandighede. Die gewysigde wetsontwerp is by Nedlac ter tafel gelê en Agri SA het deelgeneem aan die Nedlac-samesprekings as deel van die Besigheid-groep. Die Besigheid-afvaardiging het in beginsel hewig beswaar aangeteken teen die konsep van R0-vergoeding en sodanige beswaar in is ingesluit by die Nedlac-verslag wat na die Parlement gestuur is.

Die hoof besware teen die huidige weergawe van die wetsontwerp is soos volg:

- Die definisie van onteining, wat eng fokus op verkryging deur die staat: Hierdie definisie wat by die vorige parlementêre proses ingesluit was, is steeds rede tot ernstige kommer aangesien dit die deur oopmaak vir staatsinmenging by eiendomsregte, of verkryging namens derde partye waar vergoeding nie betaalbaar is nie.
- Klousule 12(3) en (4), wat voorsiening maak vir onteining van grond in die openbare belang teen nul vergoeding in sekere omstandighede.

Op 'n meer positiewe noot, word daar kennis geneem van die feit dat die wetsontwerp voorsiening maak vir volledige toegang tot die howe om enige geskille by te lê, ongeag of dit verband hou met die doel van die onteining of die bedrag van vergoeding. Onteining is ook slegs 'n laaste opsie en die staat moet eers poog om 'n ooreenkoms met die grondeienaar te bereik. Artikel 2(3) bepaal dat 'n bevoegdheid om te onteien nie uitgeoefen mag word tensy die onteiningsowerheid onsuksesvol was 'n sy poging om 'n ooreenkoms met die eienaar of houer van 'n reg in die eiendom vir die verkryging daarvan op redelike terme te bereik nie (*A power to expropriate property may not be exercised unless the expropriating authority has without success attempted to reach an agreement with the owner or holder of a right in property for the acquisition thereof on reasonable terms*).

In sy voorlegging, beklemtoon Agri SA die volgende:

- Die belange van ons lede – ons verteenwoordig die grootste groep landelike grondeienaars en wil 'n volhoubare, lewensvatbare sektor vir hulle verseker.
- Die boere van vandag kan nie alleen aanspreeklik gehou word vir historiese gebeure nie en daar kan nie van hulle verwag word om die las van apartheid-era onteining en ongeregthede te dra nie.
- Ons ondersteuning van vryemark-beginsels en ons standpunt dat onteining 'n laaste opsie moet wees.

- Grondeienaars wie se grond onteien word moet altyd die reg hê om hul tot die howe te wend.
- Verwysing word gemaak na die studie deur dr Roelof Botha oor die potensiele ekonomiese impak en spesifiek die impak op kapitaalformasie.
- Meeste lande se grondwette vereis vergoeding, met verwysing na die die FAO-studie oor beste praktyk vir verpligte verkryging.
- Lesse geleer uit Zimbabwe en Venezuela word gedeel, en illustreer die ramspoedige gevolge van hul grondbeleid vir die onderskeie ekonomieë.
- Die belastingimplikasies in terme van 'n potensiele verlies aan belastinginkomste vir die regering word ook uitgelig, asook die potensiele nadelige impak op voedselsekerheid.
- Kommentaar op spesifieke definisies en klousules, soos die omskrywing van 'onteiening' en 'openbare belang' en die R0-vergoeding klousules.
- Huidige grondeienaars behoort onmiddelik genoegsame en effektiewe vergoeding te ontvang, wat hulle dan in staat sal stel om elders weer te begin, en hulle moet nie swakker daaraan toe wees as gevolg van sodanige onteiening nie.

Agri SA sal aktief deelneem aan alle verdere konsultasieprosesse. Die organisasie is besig om sy skriftelike voorleggings aan die Portefeuljekomitee vir Openbare Werke te finaliseer en sal ook vra vir 'n geleentheid om sy standpunte tydens openbare verhore te lug. Agri SA het sy beswaar teen die konsep van nul vergoeding duidelik uiteengesit, asook die moontlike nadelige gevolge daarvan op die ekonomie en voedselsekerheid.

Na afloop van die portefeuljeproses sal die wetsontwerp verwys word na die Nasionale Raad van Provinsies en die provinsies sal mandate ten opsigte van die wetsontwerp moet verkry, waarna albei huise sal moet stem oor die wetsontwerp. Agri SA sal deelneem aan elke stap in hierdie proses. Agri SA behou ook al sy regopsies voor en is besig om op 'n gereelde basis met sy senior regsman te beraadslaag.



Annelize Crosby

Hoof: Grond- en Regsake

E | annelize@agrisa.co.za

15 Januarie 2020